Hoërskool Wolmaransstad

OMSENDBRIEF 12/2012

Verwysingsnr: -……

H/v Van Wyk- en Van Rensburgstraat

Posbus 76
WOLMARANSSTAD
2630

Telefoon:
018 – 596 1113

Faks:
018 596 2918

Sel:
084 194 5803

E-pos:
wollies@suidwes.co.za

10 Mei 2012

Geagte ouers

Ons wil net graag `n paar reëlings onder u aandag bring.

AKADEMIE

Let asseblief daarop dat ons reeds in volgende week vraestelle afhandel vir eksamendoeleindes.

Nadat die vraestelle afgehandel is sal ons voortgaan met normale skool.

DINSDAG 15 MEI 2012

Graad 8	Engels 1 uur	MSW ½ uur
Graad 9	EBW 1½ uur	
Graad 10 – 12	Engels 1½ uur	

DONDERDAG 17 MEI 2012

Graad 8	Wiskunde 1 uur
Graad 9	Wiskunde 1 uur
Graad 10 – 12	Afrikaans 2ure

MUSIEKFEES

Musiekfees kaartjies vir Woensdag 1 Augustus is by me. Duifie van Niekerk by die skool beskikbaar.

GALA AANDE

Daar is nog net 6 tafels oop vir die Vrydag aand se Gala aand en 14 tafels oop vir die Donderdag aand se Gala aand. Kontak me. Ansuné Pienaar indien u `n tafel wil bespreek.

Leerders moet hulle R100-00 vir musiekfees hemde asseblief inbetaal voor of op 31 Mei 2012.

LANDSDIENS

Die Landsdiens se Provinsiale kamp vind plaas vanaf 23 tot 27 Junie by Grootvlei naby Pretoria. Dit beloof om soos altyd vir die kinders `n hoogtepunt te wees. Daar is twaalf plekke op die skool se bussie beskikbaar vir die Landsdieners wat eerste hul kampgelde betaal.

Daar word op Donderdag 24 Mei `n Bybelvasvra gehou. Dit word deur die Landsdiens bestuur gereël. Alle leerlinge is welkom.

mvdc

RUGBY

Rugbywedstryde in die Beeld trofee vind plaas op die volgende datums:

12 Mei 2012 Wolmaransstad vs Vryburg (te Wolmaransstad).
19 Mei 2012 Wesvalia vs Wolmaransstad (te Wesvalia).
26 Mei 2012 Wolmaransstad vs Schweizer Reneke (te Wolmaransstad).
1 Junie 2012 Wolmaransstad vs Coaching (te Wolmaransstad).

EKSAMEN

Eksamen begin op Donderdag 31 Mei 2012. `n Eksamenrooster is reeds aan leerders gegee. Volgens die Onderwys Beleid oor Skoolbywoning moet `n leerder by die skool wees al skryf hy/sy nie `n vak nie. Daar word geen bloktyd aan leerders gegee nie. Let asseblief daarop dat daar ook Musiekfees oefeninge by die rooster ingepas is.

Wolliegroete



J.H. ROBBERTSE

HOOF

mvdc